# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (11/16)

*Justin Chadwick 1 April 2016*

***"The first step in the risk management process is to acknowledge the reality of risk. Denial is a common tactic that substitutes deliberate ignorance for thoughtful planning" Charles Tremper***

## "CBS RISK MANAGEMENT SYSTEM (RMS)" VIR DIE 2016 UITVOERSEISOEN

DAFF het die CBS RMS vir 2016 beskikbaar gestel – produsente word aangemoedig om die CGA te kontak om 'n kopie te bekom.

## WERK WORD BENODIG

Kundiges glo dat daar 600 000 gegradueerdes (persone met grade aan Universiteite) in Suid-Afrika is, wat nie kan werk kry nie. Dit moet uiters frustrerend en depressief vir hierdie jong Suid-Afrikaners wees, wat na toegewyde jare van studies moet uit vind dat hul nie 'n werk kan kry nie. Baie gegradueerdes wat nie werk kan kry nie, gaan verder met na-graadse studies – en is dan oor gekwalifiseerd. Die Citrus Academy het ook studente wat beurse ontvang het wat sukkel om werk te kry. Hierdie is 'n beroep op werkgewers wat hierdie gegradueerdes kan inneem – hetsy as interns of op 'n meer permanente basis – maak asseblief kontak met die CGA of Citrus Academy sodat hul jou behoeftes kan meet aan die beskikbare kandidate.

## MEER INLIGTING OOR DIE SITRUS BEMARKINGSFORUM SE UITVOERVOLUME SKATTING VIR 2016

### Valencia Lemoene

Produsente skat dat die Valencias se oes met twaalf persent laer as die rekord van 52.7m kartonne in 2015 gaan wees, naamlik 46.4m in 2016 Die areas van Letsitele, Senwes en Hoedspruit, wat gesamentlik byna vyftig persent van alle Valencias in Suider-Afrika produseer, het die droogte en haelskade uitgesonder as die belangrikste bydraende faktore tot die afname in volume. Ten tye van die nuusbrief, het laat reëns in die grootste deel van die Noordelike produksie-areas uitgesak, wat 'n positiewe effek, veral met betrekking tot vruggrootte, op die oes sal hê.

### Navel Lemoene

Die nawel-oes word geskat om net meer as twee persent hoër te wees met 25.1m kartonne. Alhoewel Senwes erg deur die droogte en hael geraak is, sal die oes na verwagting veertien persent laer wees. Die Oos-Kaap produksie areas van die Sondagsriviervallei en Patensie behoort met sewe- en nege persent onderskeidelik meer te wees. Die Wes-Kaap verwag ook om met soveel as veertien persent meer te wees.

### Pomelo

Pomelo uitvoere sal na verwagting 12.4m kartonne (15kg) bereik, af met drie en twintig persent van 2015 se rekord uitvoer. Droogte in die Letsitele -en Onderberg areas en erge haelskade in Hoedspruit is die belangrikste faktore agter die daling in volume, wat vererger is deur die feit dat 2016 in elk geval 'n "af" jaar is in terme van die produksiesiklus. Hoewel die verspreiding van die vruggrootte die kleiner tellings sal bevoordeel, het Pomelo produsente aangedui dat hulle sal voortgaan met inisiatiewe wat daarop gemik is om die eise van elk van hul markte te na te kom ten opsigte van tydsberekening, volume en spesifikasie.

### Suurlemoene

Suurlemoenuitvoere van Suider-Afrika sal na verwagting sy groeitendens voort sit, met 'n toename van sewe persent wat vir 2016 geskat word. Dit kom neer op 'n totale volume van 16.1m kartonne. Die meeste van die groei kan toegeskryf word aan nuwe aanplantings wat in produksie kom, veral in die Sondagsriviervallei en Senwes-area.

### Sagte Sitrus

Met baie nuwe boorde wat in 2016 in produksie kom, verwag sagte sitrusprodusente dat hul totale uitvoere sal groei met twaalf persent tot 11.2m kartonne. Die seisoen voorspel goeie beskikbaarheid van groter groottes en 'n uitstekende eet gehalte vanaf alle areas.

Terwyl die droogte wat groot dele van die land in 'n greep het, 'n beduidende impak op die sitrus uitvoer oes gehad het, is dit duidelik dat produsente hul hoë waarde vareiteite geprioritiseer het met die beperkte water wat hulle beskikbaar gehad het. Onsekerheid bestaan oor die impak van die droogte op die 2017-oes, maar met die koms van die laat reëns in die noordelike areas en verdere bewyse dat die El Niño-siklus gebreek is, lyk die prentjie nou baie meer positief as 'n paar weke gelede. Teen hierdie agtergrond, is die Suider-Afrikaanse sitrusprodusente versigtig optimisties oor die vooruitsigte vir die 2016 seisoen en hul volgehoue vermoë om sitrusvrugte van die hoogste gehalte aan markte regoor die wêreld te verskaf.

15 Kg kartonne; insluitend Suid-Afrika, Zimbabwe en Swaziland

| | Valencias | Pomelo's | Nawels | Suurlemoene | Sagte Sitrus | Totaal Sitrus |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 2014 | 50.9 m | 15.6 m | 26.0 m | 13.2 m | 10.0 m | 115.7 m |
| 2015 | 52.7 m | 16.1 m | 24.5 m | 15.1 m | 10.0 m | 118.3 m |
| 2016* | 46.4 m | 12.4 m | 25.1 m | 16.1 m | 11.2 m | 111.2 m |

**SUIDER-AFRIKA SE SITRUSPRODUSENTE BEFONDS HUL TOEKOMS DEUR MIDDEL VAN DIE CGA GROEP (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGACC, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY AND CITRUS ACADEMY)**

justchad_cga